

R.K. FRIERSDALE R.C.

Intermediêre Skool

KEIMOES

✉ 812



Intermediate School

☎ 054 – 463 0095

☎ 054 – 463 0085

E-pos: friersdaleis@ncschools.co.za

fanty.deklerk@vodamail.co.za

2014/01/20

DIE PENNINGMEESTER
40 DAGE VASTEN ACTHIE
LAREN

Liewe Weldoeners

DONASIE ONTVANG VIR PRE-PRIMêRE OPVOEDERS:

Weereens hartelike seënwense vir die nuwe jaar. Ons wens elkeen goeie gesondheid en vele seëninge toe met u fondsinsamelingspogings. Baie dankie dat ons ook weer hierdie jaar deel kan wees as begunstigdes. Ons het soms nie woorde om ons egte dankbaarheid en waardering te toon nie, maar weet elke donasie wat ons van u ontvang word met liefde, warmte en groot dank vergesel. Die mooie bedrag van R 28 860.00 het ons eergister ontvang. Aangesien die euro teenoor die rand stewig gestaan het, kan ons hierdie vir elke opvoeder die bedrag van R 1200 gee. Die twee opvoeders is baie bly vir die verhoginkie, hul waardeer dit. Hul werk regtig baie hard om ons leerders te onderrig en voor te berei vir die groot skool, daarom gun ons hulle ook hierdie verhoging.

Ons sal weer aan die einde van die jaar 'n finansiële verslag indien en 'n boekie saamstel met foto's van aktiwiteite van onderrig.

By voorbaat dank.

Die uwe

Fanty
Prinsipaal